AANSOEK VIR OPTREDE:
Absa KKNK Buite verhoë
2 - 9 April 2011

Sluitingsdatum:
15 Okt. 2010

Algemene Inligting en Voorwaardes:

Wie moet hierdie vorm voltooi?

Die Absa KKNK, gesamentlik met sy programmeringsvennote stel die program saam vir die amptelike buite verhoë, deur eerstens kunstenaars te nooi na die fees. `n Openhartige uitnodiging word aan alle kunstenaars, hul bestuurders en/of platemaatskappye gerig om hul sodoende te bemagtig om direk by die fees self aansoek te doen vir oorweging. Hierdie aansoekvorm word hiervoor gebruik en enigiemand mag aansoek doen.

As jy oorweeg wil word om by die Absa KKNK se buite verhoë op te tree, moet jy hierdie vorm volledig invul, onderteken en saam met die verlangde dokumentasie voor die sperdatum indien.

Die dokumentasie moet die volgende insluit:

- CV
- DVD, CD of ten minste 5 kwaliteit opgeneemde liedjies
- `n Kort biografie van die kunstenaar/band met foto/s van die kunstenaar, groep of band ingesluit

Balans in die feesprogram

Die Absa KKNK stel 'n gebalanseerde program saam waarin verskeie aspekte soos oorspronklikheid, vernuwing, die profiel van kunstenaars en feesgangers; vraag en aanbod binne die verskillende kunsstyle; artistieke meriete; teikengroepe; omvang; integrasie; bekostigbaarheid en taal, 'n rol speel.

Beoordeling

Alle aansoeke wat teen die sperdatum ontvang is, sal aan die Absa KKNK se buite verhoë keuringskomitee voorgelê word. Tydens die beoordeling moet die paneel konsensus bereik oor die samestelling van 'n kortlys van gekeurde kunstenaars vir potensiële skedulering en progamsamestelling. Al die koördineerders van die onderskeie verhoë word genooi om deel te neem aan die keuringsproses. Die kortlys word gekoördineer met die onderskeie buite verhoë en indien openinge beskikbaar is, sal die gekeurde kunstenaar/groep genader word vir verdere onderhandelinge deur die onderskeie buite verhoë koördineerders. Die uitslag van die Absa KKNK bestuur, gebaseer op voorstelle van paneel se besluit is finaal.

Maksimum betrokkenheid

Om skedulering te vergemaklik en om werk te versprei vir soveel as moontlik kunstenaars, mag geen lid van enige optrede by meer as drie groepe kunstenaars/bands by die buite verhoë betrokke wees by die fees nie. Dit geld ook vir musikante en tegnici. Geen kunstenaar/groep/band wat `n gekeurde formele produksie in `n venue op die fees het, mag aansoek doen vir optredes by die buite verhoë tensy hulle `n maand voor die eerste dag van die fees skriftelike toestemming van die fees se Programbestuurder het nie. Die fees self mag egter vir bemarkingsdoeleindes sekere produksies skeduleer op buite verhoë om die produksie se verkope te verbeter.

Ontvangserkenning

Alle aansoeke ontvang sal 'n skriftelike ontvangserkenning teen

16 September 2010 ontvang. Die Absa KKNK aanvaar geen verantwoordelikheid vir aansoeke wat in die pos wegraak nie.

Inskrywingsfooi

'n Nie-terugbetaalbare inskrywingsfooi van R100 (BTW ingesluit) per kunstenaar/groep word gehef. Hierdie fooi word aangewend om die koste van beoordeling te delg. Daar is twee betaalopsies:

1. Heg 'n tjek, uitgemaak aan die KKNK, by jou voltooide vorm aan.
2. Deponeer R100 in die rekening en heg jou depositostrokie by jou voltooide vorm aan: Bank: Absa; Rekeningnaam: KKNK; Tipe: Tjek; Tak: Oudtshoorn; Rekeningnommer: 406 187 0951; Verwysing: KUNSTENAARS/BAND SE NAAM

Kunstenaars wat reeds aansoek gedoen het vir die formele Absa KKNK program, hoef nie weer `n deposito te betaal nie maar moet wel aansoek doen.

Skedulering

Die Absa KKNK sal die skedulering finaliseer op grond van individuele onderhandelinge. Dit is belangrik om die korrekte kontakbesonderhede, voorkeurdatums vir optredes asook lede van jou groep wat by ander betrokke is aan te dui en te voorsien. Indien jy gekeur is, sal die tegniese spesifikasies wat ons ontvang bepaal op watter verhoog jy geskeduleer word.

Publisiteit en bemarking

Elke optrede is vir sy eie publisiteit en bemarking verantwoordelik, wat ondersteun sal word met algemene bemarking en publisiteit deur die Absa KKNK. Optredes mag 'n maksimum van 25 plakkate opsit. Alle plakkate moet 'n Absa KKNK plakker dra en word teen 'n nominale bedrag aangekoop by die feeskantoor. Plakkate sonder plakkers sal verwyder word. Plakkers sal vanaf 1 April 2011 by die feeskantoor beskikbaar wees.

Adres vir aflewering

Geen gefaksde voorstelle sal oorweeg word nie. Pos of koerier jou voorstel na die volgende adres:

Pos:	Koerier:
Absa KKNK Buite Verhoë	Absa KKNK Buite Verhoë
Posbus 1341	3de Vloer
Oudtshoorn	Seppie Greeff Gebou
6620	Voortrekkerweg
	Oudtshoorn

Baie dankie. Ons sien uit na u aansoek!

© Absa KKNK

AANSOEK VIR OPTREDE:
Absa KKNK Buite verhoë
2 - 9 April 2011

Sluitingsdatum:
15 Okt. 2010

KONTAKDETAILS

1. Naam van kunstenaar:

2. Wie is die kontakpersoon?

(Jou kontakpersoon dien as skakel tussen jou optrede en die Absa KKNK en moet maklik bereikbaar en in staat wees om besluite te neem. Die Absa KKNK kommunikeer elektronies en daarom moet die kontakpersoon oor 'n e-pos adres beskik)

Naam:		Van:	
Faks:		Sel.nr:	
E-pos:		Stad:	

Besonderhede van Voorgestelde Optrede

1. Watter musiekgenre en –styl pas die beste by jou voorgestelde optrede?

(Dit is baie belangrik dat ons die korrekte inligting ontvang aangaande jou optrede.)

1.1 Kontemporêre musiek:	A capella:		Alternatief:		Blues:		Crossover:	
	Folk:		Folkrock:		Fusion:		Gospel:	
	Hip-Hop:		Jazz:		Kommersieel:		Pop:	
	Rock:		Rhythm & Blues:		Soul:		Wêreld:	
			Ander:					

1.2 Klassieke musiek:	Instrumentele– Solo:		Instrumentele – Ensemble:	
	Vokaal– Solo:		Vokaal – Ensemble:	

2. In watter taal (tale) word jou voorgestelde optrede aangebied?

3. Verskaf volledige besonderhede van vorige venues of feeste reeds opgetree in die afgelope jaar:

Datum	Fees	Optrede

TEGNIESE BESONDERHEDE

Heg asb. `n kort beskrywing van jou tegniese behoeftes aan.

Let wel: Ons verskaf nie klaviere op die buite verhoë nie. Elektriese klaviere en klawerborde moet deur die kunstenaar self voorsien word.

Kontrole lys

U aansoek sal slegs oorweeg word vir keuring as dit vergesel word deur die volgende:

. `n Volledige aansoekvorm
. `n Ingeslote dvd/cd van jou optrede
. `n Tjek of bewys van betaling van die R100 registrasie fooi
. Tegniese besonderhede
. `n Kort CV van die kunstenaar of band

© Absa KKNK